# HOËRSKOOL CENTURION

SELBOURNELAAN, LYTTELTON, CENTURION. GPS: GPS: S 25: 49' 48.3" / E 28: 11' 57.0"
TEL: (012) 664 5803 FAKS: (012) 664 7969 INFO@HSCENTURION.CO.ZA WWW.HSCENTURION.CO.ZA

14 Januarie 2019

Geagte Woerie-ouer

**KOMMUNIKASIE IN VERBAND MET DISSIPLINE**

Welkom terug by Hoërskool Centurion. Ons vertrou dat 2019 vir u en u gesin ‘n geseënde jaar sal wees. Hoërskool Centurion poog voordurend om ons verhouding met u as ouer te verbeter ten einde vir u kind die beste moontlike onderrig te gee.

In dié verband wil ons hierdie jaar poog om ons kommunikasie aangaande dissiplinêre en akademiese aangeleenthede op te skerp.

Eerstens gaan die skool van ‘n SMS-stelsel gebruik maak om goeie akademiese prestasie of strafpunte wat u kind ontvang, aan u te kommunikeer. Indien u kind goed in ‘n toets gedoen het of oortree het, sal die personeellid dit op die skoolstelsel invoer en die rekenaarprogram sal dan onmiddellik ‘n sms aan u stuur.

U kind het in 2018 slegs strafpunte ontvang vir huiswerk nie gedoen nie, nadat hy vyf keer in ‘n vak oortree het. Die 50 punte wat hy/sy ontvang het, het dan outomaties detensie tot gevolg gehad. Die stelsel is so verander dat ‘n onderwyser, vir huiswerk nie gedoen nie, die leerder dadelik ‘n aanmelding van 10 punte gee, wat u dan outomaties per sms in kennis stel.

Ons vertrou dat hierdie nuwe manier van kommunikasie sal help dat ons leerders meer pligsgetrou sal wees en ons u hand sterk om vinniger op te tree indien ‘n probleem geïdentifiseer word.

Hoërskool Centurion is verbind daartoe om aan u kwaliteit diens te lewer en u kind te begelei tot akademiese uitnemendheid en persoonlike groei.

Die uwe

**D.D. BARNARD**
**ADJUNKHOOF: DISSIPLINE**

**H.J. KOEKEMOER**
**WAARNEMENDE HOOF**